

**Woensdag 15 Maart**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:13, 14**

**Om met die Heilige Gees verseël te wees, is 'n wonderlike troos!**

Om verseël te wees, beteken (onder andere) om uitgesonder en afgesonder te word; of om 'n seëlmerk – 'n uitkenningsteken, 'n stempel – te ontvang wat ons identiteit verseker; of om bevestiging en versekering te kry dat besitname en eienaarskap plaasgevind het, en dat daardeur ook 'n sekere gesag oorgedra word, veral in terme van koninklike gesag. Ook dat daar 'n waarborg gelewer word en die bevestiging gegee word dat ons God se kinders is en dat ons in en deur die genade van ons Here Jesus Christus sy eiendom gemaak is – 'n geskenk uit die hand van God!

Hierdie verseëling en waarborg het ewigheidswaarde wat aan alle Chris-tene nie net belof word nie, maar reeds aan ons geskenk is die oomblik toe ons, óók deur die werking van die Heilige Gees, tot geloof gekom het. Die waarborg, die versekering is dat ons ook al die ander beloftes wat God gemaak het, sal ontvang.

As kinders van God wéét ons dat *al* sy beloftes *altyd* in vervulling gaan. Ook die belofte dat ons, uit genade, saam met Christus uit die dood opgewek is en reeds saam met Hom 'n plek in die hemel het.

Ons is reeds verlos en behoort aan God. Laat ons dan in en deur hierdie waarborg, wat ons reeds ontvang het, God loof en prys. Aan Hom kom al ons lof toe, ons hele lewe lank!

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*